

7 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-21
Fokusgedeelte: Openbaring 3:17-18

Koop by My...

Die Here waarsku ons dat ons nie meer van onself moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie (Rom 12:3). As ons stoflike besittings aangroei moet ons toesien dat dit ons nie te na aan die hart lê nie (Ps 61:11). Jy moet tot in die wortels van jou bestaan op die Here vertrou en nie op mense en strukture en besittings nie. In Laodisea was dinge egter anders gesteld. Die mense in Laodisea was baie ryk. Ongelukkig het hulle toe op hulle rykdom vertrou. "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie" (Op 3:17). Dis 'n fout. Christus korrigeer egter die fout.

Die geldmagte van destyds was in Laodisea gesetel. Hulle het die wêreld se ekonomie beheer. "Nee", sê Christus, "Koop goud by My. Veranker jou met 'n ware geloof aan My" (vgl 1 Pet 1:7). Laodisea het ook die toon aangegee in die modewêreld. Hulle het 'n unieke swart wolmateriaal geweef. "Nee", sê Jesus: "Koop klere by My – wit klere. Oorklee jou met die bloed van Christus." In Laodisea was 'n mediese skool waar dokters opgelei is en 'n oogsalf ontwikkel is wat blindheid wegneem. Tog bly die gemeente geestelik blind, want hulle sien nie hulle eie sonde raak nie. "Nee", sê Christus, "Koop by My oogsalf sodat jy jou sonde kan raaksien."

As jy op jouself en besittings vertrou, bly jy arm, blind en kaal in jou ellende voor God. Maar as jy op die Here vertrou, is jy skatryk aan hemelse goed en geestelike gawes, selfs te midde van stoflike armoede.

Stoflike rykdom en roem en uiterlike skoonheid in die oë van mense kan hoogstens vir 'n kort rukkie genoeglik wees, maar die vreugde wat hóú, kry jy net by God. Jy kry dit slegs as jy in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus lewe.

Sing: Skrifberyming 44:1-3

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)